kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Die Here as ons Moeder

Skriflesing: Johannes 17:6-19

6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die
wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan
My gegee, en hulle het u woord bewaar.
7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.
8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee;
en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U
uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.
9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat
U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.
10 En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is
in hulle verheerlik.
11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die
wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam
die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.
12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u
Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en
nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van
die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.
13 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die
wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.
14 Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat,
omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die
wêreld is nie.
15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat
U hulle van die Bose bewaar.
16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld
is nie.
17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.
18 Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die
wêreld gestuur.
19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid
geheilig kan wees.

"The decisive question for man is: Is he related to something infinite or not? That is the telling question of his life. Only if we know that the thing which truly matters is the infinite can we avoid fixing our interests upon futilities, and upon all kinds of goals which are not of real importance. Thus we demand that the world grant us recognition for qualities which we regard as personal possessions: our talent or our beauty. The more a man lays stress on false possessions, and the less sensitivity he has for what is essential, the less satisfying is his life. He feels limited because he has limited aims, and the result is envy and jealousy. If we understand and feel that here in this life we already have a link with the infinite, desires and attitudes change."
— C.G. Jung, Memories, Dreams, Reflections

Broodjies vir die pad

"Every Mother contains her daughter in herself and every daughter her mother and every mother extends backwards into her mother and forwards into her daughter."
— C.G. Jung

"I always wondered why God was supposed to be a father," she whispers. Fathers always want you to measure up to something. Mothers are the ones who love you unconditionally, don't you think?"
— Jodi Picoult

"We know how the Church has for centuries insisted that Christ is every person and represents us all. But as we have seen, in the myth there is encapsulated the profound reality that the opposite is true as well. As each of us becomes aware of his or her true essence as a body-spirit entity and awakens the Christ within, he or she too is Christ. No longer is it a case of looking outside ourselves to emulate a remote historical figure. Rather, it's a matter of knowing ourselves to be wholly one with the very same energies and principles that in the drama are shown driving him. Thus, as Carl Jung describes it, each individual can discover that he or she is "imbued with a latent divinity."
— Tom Harpur, The Pagan Christ: Is Blind Faith Killing Christianity?

"Mother is the name for God in the lips and hearts of little children."
— William Makepeace Thackeray

"As far as we can discern, the sole purpose of human existence is to kindle a light of meaning in the darkness of mere being."
— C.G. Jung

Wonder oor die lewe en liefde

Laetitia Pople

Wonderlus
Liefdesdrama

Daar is net iets aan dié rolprent, 'n spesiale iets. Wonderlus handel oor wat gebeur nadat die bruid van haar eie troue dros nadat die beloftes afgelê en die voggies gevloei het.

'n Mens kan met reg sê "wat de f*k", soos talle van die karakters hier sommer baie keer sê.

Dit verg dapperheid om so ’n rolprent te pak teen die heilige norm van romantiese fielafooi en gelukkige eindes wat die geklingel van geld by die loket verseker.

Die Afrikaanse wêreld hou van sprokies – glansmense met oënskynlik perfekte lewens en verkies om die front wat voorgehou word te glo. Hier is niks glans nie. Dit is ’n kaalvoet rolprent wat lewer totdat die eindtitels rol.

Die skrywer-regisseur Johan Cronje se rolprent is gestroop, eerlik en sy karakters is almal bekend: Die meeste kykers sal vind hulle ken sulke mense of dat hulle al in soortgelyke wispelturige danse met die liefde was. Carson McCullers skryf mos dat die hart ’n eensame jagter is.

Cronje bied talle invalshoeke op die liefde. Hy peins oor moderne liefde, die huwelik as instelling, vriendskap, lojaliteit, alleenloop, liefdesverhoudings wat nie tot trou kom nie en dié wat die strop kry. Als klink nou sielkundig en swaar, maar dit is nie; dit is ook deksels en aanhoudend snaaks.

Nege karakters – almal iets in die 30 – kom vir ’n Hoëveldse troue byeen. Elke naweek, kla een, word daar nou troue gehou. Dit wat ongesê bly, is net so sprekend.

Ook op die toneel is ’n kelnerin (Lea Vivier), wat die spulletjie gadeslaan. Sy het ook ’n storie en in die loop van die aand word twee karakters se stories saamgevleg.

Die nege vriende korswel, terg en praat reguit soos dit jare lange vriende betaam. Soms voel dit soos eksistensiële tafeltennis, jy wil net ’n oomblik stop om te dink oor wat gesê is. Dit is insigte wat uit ervaring bekom is, ’n egtheid wat ’n mens min op die silwerdoek kry.

Al die spelers is goed – sonder uitsondering. Randkarakters kleur die gegewe met nog skakerings in. Oomblikke bly vasstaan in die geheue. Stiaan Smith onderspeel ’n goed gatvol kêrel uitstekend, maar kan met absolute oortuiging sy week liefde wys, Lynelle Kenned wikkel in ’n verleidans net om later haar ontnugtering goed te versteek, Beer Adriaanse se vinnige, sardoniese humor wat ook iets verdoesel, is treffend, en Simoné Nortmann se ongelukkigheid oor als dui ook op ’n dieper storie.

Die emosionele lading word deur Edwin van der Walt, Vivier en Mila Guy volgehou en gelewer waar dit seermaak. Al drie laat die skerm brand. ’n Mens voel vir die mense, wat begin glo het ware liefde bestaan net in flieks. Of hoe?

Wonderlus is ’n stroomop rolprent, niks is hier soos wat jy verwag nie, want ’n resep word nie gevolg nie. As jy gehou het van Vir die voëls, sal jy bes moontlik ook hiervan hou. Nie net is dit kerwe hoër as die res op die kringloop nie, dit verras en daag jou eie oortuigings oor die liefde uit. Hou, hart, hou.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/wonder-oor-die-lewe-en-liefde-20180426

“But the ultimate reason for our hope is not to be found at all in what we want, wish for and wait for; the ultimate reason is that we are wanted and wished for and waited for. What is it that awaits us? Does anything await us at all, or are we alone? Whenever we base our hope on trust in the divine mystery, we feel deep down in our hearts: there is someone who is waiting for you, who is hoping for you, who believes in you. We are waited for as the prodigal son in the parable is waited for by his father. We are accepted and received, as a mother takes her children into her arms and comforts them. God is our last hope because we are God's first love.”

— Jürgen Moltmann, The Source of Life: The Holy Spirit and the Theology of Life

---

Brood vir die pad

Moedige opstand teen die kragte van die donkerte

In sy outobiografie Born to Run vertel die rockster Bruce Springsteen dat hy die middag van die terreuraanvalle van 11 September 2001 na ’n strand in New Jersey gegaan het vanwaar hy die rook kon sien opstyg waar kort tevore nog die World Trade-sentrum gestaan het.

Toe Springsteen terugry huis toe, kom daar ’n motor verby met die venster afgedraai. Die bestuurder herken Springsteen en roep na hom uit: “Bruce, we need you.”

In die dae ná 9/11, skryf Springsteen, begin hy werk aan “Into the Fire,” ’n liedjie wat vertel van ’n brandweerman wat te midde van stof, donkerte en gevaar een van die toringgeboue se trappe opklim in die uitvoering van sy plig.

Die liedjie se refrein lui as volg: “May your strength give us strength / May your faith give us faith / May your hope give us hope / May your love bring us love.”

“Into the Fire” vorm – saam met liedjies soos die veelseggend getitelde “My City of Ruins,” “You’re Missing,” en “Empty Sky” – deel van Springsteen se bekroonde 2002-album The Rising.

Wat opval as jy na hierdie album luister, is hoe dikwels woorde soos “donkerte,” “storm,” “bloed,” “trane,” “leegte,” “woestyn,” en “ruïnes” voorkom – woorde wat deur die eeue dikwels gebruik is om ervarings van trauma en verlies te benoem.

Ook in die Bybel word hierdie en verwante woorde dikwels benut om die impak van ingrypende krisis-gebeurtenisse soos die ballingskap te beskryf.

Wat ’n mens egter ook met die luister na The Rising tref, is ’n gepaardgaande fokus op woorde soos “opstaan,” “moed,” “krag,” en “hoop.”

In “My City of Ruins,” byvoorbeeld, word die oproep “Come on, rise up!” dikwels herhaal. En in die lied “The Rising” – wat al as ’n “Easter hymn” beskryf is – klink die refrein: “Come on up for the rising.” “The Rising” kan inderdaad as ’n soort opstandingslied gesien word, ’n lied wat ons roep tot opstaan en dalk selfs ook tot moedige opstand teen die kragte van donkerte, leegheid en dood.

Die persoon wat deur sy motorvenster na Bruce geroep het, het ’n diep menslike behoefte verwoord. Sekere tye kan ons inderdaad nie sonder musiek, stories en poësie nie.

Ons het dan die estetiese broodnodig om uitdrukking aan ons pyn én ons hoop te gee.

Die sielkundige Carl Jung vat iets hiervan raak wanneer hy oor die digter wat in oerbeelde spreek, skryf: “He evokes in us all those beneficent forces that have enabled humanity to find a refuge from every peril and to outlive the longest night.” – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/moedige-opstand-teen-die-kragte-van-die-donkerte-20180427

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877